

# PRODUKBROSJURE

LAND BANK
We stand by you



# MEER OOR LAND BANK

Die Land- en Landbou-ontwikkelingsbank van Suid-Afrika is 'n spesialis-landboubank wat pasgemaakte finansiële oplossings bied vir ons gewaardeerde kliënte. Ons stel boere in staat om grond, toerusting, bate-verkryging en verbeteringe te finansier asook korttermyn- en produksiekredietfasiliteite. Ons waardetoegevoegde dienste sluit in versekering, sakeontwikkeling en steundienste. As 'n ontwikkelingsfinansieringsinstelling, benut ons hefboomfinansiering van openbare- en privaatsektorvenootskappe om haalbare finansieringsoplossings te bied wat daarop gemik is om inklusiwiteit, volhoubaarheid en groei in die landbousektor te verseker.

Land Bank is ook 'n stigtersondertekenaar van die VN-omgewingsprogram se finansieringsinisiatief (UNEP FI) se beginsels vir verantwoordelike bankwese (PRB) Die PRB is 'n vrywillige stel beginsels wat die bankbedryf se rol en verantwoordelikhede definieer en bevestig in die ontwikkeling en finansiering van 'n volhoubare toekoms. Die PRB is in ooreenstemming met raamwerke soos die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (SDG) en die nasionale ontwikkelingsplan (NDP), wat verder strek as volhoubare finansiering en ons in die rigting van langtermyn volhoubaarheid stuur.

Hierdie beginsels vereis dat ons ons verpligting teenoor alle belanghebbendes nakom om die samelewing te ontwikkel en die omgewing te bewaar. Ons het die kundigheid om jou sakebehoeftes te verstaan en 'n groot verskeidenheid produkte en dienste te bied om aan jou kort-, medium- en langtermyn-finansieringsbehoeftes te voldoen.



# Aanbod van Finansiële Produkte

## Langtermynlenings

| Verbandfinansiering | |
|---|---|
| **Doel** | **'n Langtermynlening wat gebruik word om landbouverewante kapitaaluitgawe te finansier, soos:**<br>• Aankoop van grond/eiendom.<br>• Terugbetaling van skuld aangegaan vir die aankoop van eiendom.<br>• Aankoop en installering van masjinerie en toerusting.<br>• Verbetering van vaste bates.<br>• Ander landbouverwante kapitaaluitgawe. |
| **Termyn van lening** | **Termyn hang af van die doel van die lening:**<br><br>Termyn is tot 25 jaar. |
| **Vereiste sekuriteit** | Sekuriteit kan in die vorm van 'n eerste verband op vaste eiendom wees of deur bykomende sekuriteit waaroor met die bank ooreengekom is. |
| **Terugbetalingsterme** | **Gekoppel aan kontantvloeisiklusse van die besigheid:**<br><br>• Maandeliks • Kwartaalliks<br>• Halfjaarliks • Jaarliks. |



# Mediumtermynlenings

| | |
|---|---|
| **Doel** | **Om mediumtermyn- landbou befondsingsbehoeftes te finansier, soos:**<br>• Vestiging van meerjarige gewasse.<br>• Aankoop en installering van landbou toerusting.<br>• Strukturele en algemene infrastruktuur verbeterings.<br>• Aankoop van beweegbare bates.<br>• Aankoop van lewende hawe. |
| **Termyn van lening** | **Termyn hang af van die doel van die lening:**<br><br>• Termyn is tot 15 jaar. |
| **Vereiste sekuriteit** | Sekuriteit kan in die vorm van 'n eerste verband op vaste eiendom, item gefinansier of deur bykomende sekuriteit wees waaroor met die bank ooreengekom is. |
| **Terugbetaling-sterme** | **Gekkoppel aan kontantvloeisiklusse van die besigheid:**<br><br>• Maandeliks • Kwartaalliks<br>• Halfjaarliks • Jaarliks. |






# Batefinansiering

| **Afbetalingsverkoopfinansiering** | |
|---|---|
| **Doel** | **Om mediumtermyn-landboubefondsingsbehoeftes te finansier, soos:**<br>• Voertuie<br>• Trekkers<br>• Landboutoerusting (bates nie onder die mediumtermynlening gedek nie).<br>• Ander beweegbare bates wat landboukundig geregverdig is. |
| **Termyn van lening** | **Termyn hang af van die doel van die lening:**<br><br>• Termyn is tot 12 jaar. |
| **Vereiste sekuriteit** | Titelhouer, spesifieke en algemene notariële aktes op die bate of deur bykomende sekuriteit waaroor met die bank ooreengekom is. |
| **Terugbetaling-sterme** | **Gekoppel aan kontantvloeisiklusse van die besigheid:**<br><br>• Maandeliks • Kwartaalliks<br>• Halfjaarliks • Jaarliks. |

# Korttermynlenings

| **Produksiekrediet** | |
|---|---|
| **Doel** | • 'n Korttermynkredietfasiliteit wat gebruik word om landbou-insette en bedryfskapitaal vir saai- en lewendehawe-ondernemings te finansier. |
| **Termyn van lening** | • Maksimum termyn: 5 jaar (jaarliks hersien).<br>• Lening sal aan die einde van die termyn hernu word. |
| **Vereiste sekuriteit** | Sekuriteit kan in die vorm van 'n eerste verband op vaste eiendom wees of deur bykomende sekuriteit wat met die bank gereël is. |
| **Terug Betalings terme** | Lening is jaarliks ten volle terugbetaalbaar of wanneer opbrengs van die oes ontvang word. |

| Wentelkredietfasiliteit | |
|---|---|
| **Doel** | **'n Korttermynlening wat gebruik word om korttermyn-kapitaalvereistes, algemene en bedryfsbehoeftes van die besigheid te finansier. Die produk word vir onderstaande kommoditeite en/of vir subsektore aangebied:**<br>• Voerkrale<br>• Pluimvee<br>• Varkboerderye<br>• Kontantgewasse<br>• Wyn<br>• Gemengde boerdery (gesaaides en/of lewende hawe).<br>• Agro-verwerking. |
| **Termyn van lening** | Maksimum termyn: tot 5 jaar (jaarliks hersien). |
| **Vereiste sekuriteit** | Sekuriteit kan in die vorm van 'n eerste verband op vaste eiendom wees of deur bykomende sekuriteit waaroor met die bank ooreengekom is (soos debiteure, vee en kredietwaarborge). |
| **Terugbetaling-sterme** | Fasiliteit is terugbetaalbaar in ooreenstemming met die inkomstestrome en gestruktureer gebaseer op kontantvloeisiklusse van die besigheid. Dit word deur die bank bestuur volgens voorafgoedgekeurde perke. |


# Doelgemaakte befondsingoplossings

| Waarborge | |
|---|---|
| **Doel** | • Om korporatiewe kliënte te help om waarborge vir landbouverwante aktiwiteite of versekeringspremiewaar borge uit te reik.<br>• Vir die nakoming van korporatiewe kliënte se verpligtinge in verband met hulle gemagtigde/wettige doeleindes en aktiwiteite.<br><br>Alle waarborge namens kliënte uitgereik word aangeteken as 'n verbintenis teenoor 'n bestaande wentelkredietfasiliteit. Die bedrag van die fasiliteit moet voldoende wees om vir skuld en die verbintenis voorsiening te maak. |
| **Termyn van lening** | Waarborge word uitgereik in ooreenstemming met die termyn van die wentelkredietfasiliteit en word jaarliks hersien. |
| **Vereiste sekjuriteit** | Sekuriteit kan in die vorm van 'n eerste verband op vaste eiendom wees of deur bykomende sekuriteit waaroor met die bank ooreengekkom is. |



## Waardekettingfinansiering

| | |
|---|---|
| **Doel** | • Waardekettingfinansiering stel Land Bank in staat om produksiefinansiering aan 'n boer te verskaf teen 'n skriftelike ooreenkoms tussen die boer en die koper vir die verbouing en verkoop van 'n kommoditeit van 'n spesifieke gehalte, hoeveelheid, graad en verskeidenheid, gebaseer op 'n spesifieke prys wat meganismes daarstel wat dit moontlik maak dat die waarde van die kontrak oor die leningstermyn bepaal kan word.<br>• Beide die boer en die koper moet voldoen aan die voorwaardes wat in Land Bank se kredietproses gestel word om in aanmerking te kom. |
| **Termyn van lening** | Die termyn van die lening is seisoenaal, jaarliks by hersiening met die kliënt hernubaar of tot aan die einde van die produksiesiklus. |
| **Vereiste sekuriteit** | • Sessie van opbrengs van verkoop van gewas wat deur die Bank gefinansier word.<br>• Sessie van opbrengs van verkoop van lewende hawe wat deur die bank gefinansier word.<br>• Sessie van omvattende versekering en sessie van 'n afsetooreenkoms of leweringskontrak teen 'n gespesifiseerde prys.<br>• Ander bykomende sekuriteit met die bank ooreengekom. |
| **Repayment Terms** | Payments can be done annually, quarterly, monthly or bi-annually as linked to seasonality of business income or cash flow cycle. |







## Gedwonge verkope-deposito's

| | |
|---|---|
| **Doel** | • Hierdie produk help boere wat hulle lewende hawe as gevolg van droogte moet verkoop met 'n fasiliteit waar hulle opbrengs uit die verkoop vir 'n minimum van ses maande kan deponeer.<br>• Die boere in rampverklaarde gebiede kry vrystelling van inkomstebelasting vir lewende hawe wat as gevolg van droogte verkoop is. |
| **Termyn van lening** | • Minimum depositotydperk: 6 maande tot 6 jaar.<br>• Om vir belastingvrystelling in aanmerking te kom, mag geen fondse voor die verstryking van ses maande onttrek word nie. |
| **Fasiliteit-erme** | • Rentekoers: Aan prima gekoppel.<br>• Slegs fondse wat uit veeverkope as gevolg van droogte verkry is, mag ingevolge hierdie fasiliteit gedeponeer word.<br>• Deposio's uit die verkoop van vee moet by die Land Bank gedeponeer word binne 3 maande nadat die vee verkoop is. |



# Land Bank Versekeringsmaatskappy

Land Bank Versekeringsmaatskappy (LBIC) bied versekering aan boere en die landbousektor oor die algemeen. Ons jare van ervaring in die aanbied van korttermynversekeringsoplossings aan die mark beteken dat ons die behoeftes van die mark verstaan en produkte aanbied wat doelgemaak is om by die behoeftes van ons kliënte in die landbousektor te pas. Ons korttermynversekerings produkte sluit dekking vir bates en oeste in.

## Land Bank Lewensversekerings-maatskappy (LBLIC)

Deur Land Bank Lewensversekeringsmaatskappy (LBLIC) kan ons kredietlewensversekering teen 'n landboulening en lewensversekeringspolisse aanbied, onderworpe aan 'n bestaande landboulening, om die welsyn van u familie en kontinuïteit van die boerderybesigheid te verseker.

Ons polisse gee u gemoedsrus in die wete dat daar na u familie se toekomstige finansiële behoeftes omgesien word. Ons verstaan werklik u lewensversekeringsbehoeftes en maak dit ons doelstelling om daarin te voorsien.



| Versekeringsprodukte | |
|---|---|
| **Versekering van landbou-bates** | Bateversekeringdekking vir u boerdery-aktiwiteite en boerderybates word teen risiko's en rampe soos vuur, vloed, diefstal en natuurlike rampe verseker. |
| **Oesversekering** | Oesversekeringsdekking in die geval van oesmislukking as gevolg van buitensporige reën, hael, ryp, wind, vuur en fisiese skade aan die hele of 'n gedeelte van u versekerde oes wat verlies aan inkomste tot gevolg kan hê. |
| **Lewensversekering** | Lewensdekking vir kredietlewens- en lewensversekeringspolisse. |

# Waar vind u ons


## Land Bank provinsiale en satellietkantore

Land Bank het nege provinsiale kantore met satellietkantore wat strategies regdeur die land geleë is om die landbougemeenskap te bedien.

Ons personeel verstaan landbou en het die vermoë om spesifieke behoeftes te assesseer en doelgemaakte oplossings te ontwikkel om aan u vereistes te voldoen. Waar nodig, sal hulle met leiding en besigheidsteun help.

## Land Bank Hoofkantoor se kontakbesonderhede

Kontak ons by: 012 686 0500 www.landbank.co.za




| GAUTENG |
| --- |
| PRETORIA (HOOFKANTOOR) |
| Tel: (012) 686 0500 |
| Adres: 272 West Avenue, Lakefield-kantoorpark, Blok A, 1ste Vloer, Die Hoewes, Centurion. |

| LIMPOPO |
| --- |
| POLOKWANE |
| Tel: (015) 287 9840 / 015 230 0270 |
| Faks: (015) 287 9899 |
| Adres: Moolpark 700 Kantoor 27 Markstraat, Rabe and Markstraat |

| NOORDWES |
|---|
| VRYBURG |
| Tel: (053) 928 1700 |
| Faks: (053) 927 2952 |
| Adres: Markstraat 39, Vryburg 8601 |

| KWA-ZULU NATAL |
|---|
| PIETERMARITZBURG |
| Tel: (033) 845 9600 |
| Faks: (033) 845 9610 |
| Adres: Kantoorsuite A3, Maritzburg Arch, Hoofman Albert Luthulis-traat 39/45, Pietermaritzburg 3201 |

| VRYSTAAT |
|---|
| BLOEMFONTEIN |
| Tel: (051) 404 1400 |
| Faks: (051) 447 7718 |
| Adres: St Andrewstraat 78, Bloemfontein 9300 |

| NOORD-KAAP |
|---|
| UPINGTON |
| Tel: (054) 338 8400 |
| Faks: (054) 332 5731 |
| Adres: Schroderstraat 55, Upington 8800 |

| MPUMALANGA |
|---|
| NELSPRUIT |
| Tel: (013) 754 2400 |
| Faks: (013) 752 6134 |
| Adres: Ferreirastraat 16, Nelspruit 1200 |

| OOS-KAAP |
|---|
| OOS-LONDEN |
| Tel: (043) 706 8600 |
| Faks: (043) 721 0717 |
| Adres: Hammer Mill House, The Quarry, Selbourne, Oos-Londen 5241 |

| WES-KAAP |
|---|
| KAAPSTAD |
| Tel: (021) 974 2200 |
| Faks: (021) 974 2210 |
| Adres: Belvedere-kantoorpark, Blok C, Pasitaweg, Durbanville 7550 |

## Land Bank Versekeringsmaatskappy Kontakbesonderhede

| GAUTENG |
|---|
| PRETORIA (HOOFKANTOOR) |
| Tel: (012) 686 0556 |
| E-posadres: lbic@landbank.co.za |
| Adres: 272 West Avenue, Lakefield-kantoorpark, Blok A, 1ste Vloer, Die Hoewes, Centurion. |



Land Bank-produkte word periodiek hersien, leningsvoorwaardes en produkkenmerke is onderworpe aan verandering. Bepalings en voorwaardes geld.

Datum opgestel/gepubliseer: 03.07.2024